basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2013

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Roman	(35)
AFDELING B:	Drama	(35)
AFDELING C:	Kortverhale	(35)
AFDELING D:	Gedigte	(35)

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle behandel het en kies die tipe vraag wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/kontekstuele vraag.

6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

7. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag

11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. *Kringe in 'n Bos*	Opstelvraag	35	4
OF			
2. *Kringe in 'n Bos*	Kontekstuele vraag	35	4
OF			
3. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Opstelvraag	35	7
OF			
4. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Kontekstuele vraag	35	8
OF			
5. *Meeulanders*	Opstelvraag	35	11
OF			
6. *Meeulanders*	Kontekstuele vraag	35	12

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.

7. *Poppie, die drama*	Opstelvraag	35	16
OF			
8. *Poppie, die drama*	Kontekstuele vraag	35	16
OF			
9. *Paljas*	Opstelvraag	35	20
OF			
10. *Paljas*	Kontekstuele vraag	35	20

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

11. Die pakkie	Opstelvraag	35	24
OF			
12. Astra castra	Kontekstuele vraag	35	24

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. Thumela	Kontekstuele vraag	17½	28
OF			
14. Woorde	Kontekstuele vraag	17½	30
OF			
15. Kontak	Kontekstuele vraag	17½	32
OF			
16. Kabouterliefde	Kontekstuele vraag	17½	34

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Een van die motiewe in *Kringe in 'n Bos* is die liefdesverhouding tussen Saul en Kate.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) oor:

- Saul se eerste ontmoeting met Kate
- Saul en Kate se geheime ontmoetings op Sondae
- Saul en Kate wat erken het dat hulle mekaar liefhet

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Dis Saul, hy verjaar vandag," het sy pa op die ou Bosmanier teen die voordag onder die skerm aangekondig.
"Geluk, Saul," het oom Anneries krakerig omgedraai.
"Is ek nou veertien, Pa?" wou hy net seker maak.
"Ja. En geluk van my ook. As 'n man eers veertien is, begin jy vleis aan jou bene kry en bas aan jou vel en kan jy uitkyk na die dag wat jy jou eie byl kan swaai – jy moet kom begin uitkap aan die kwaallatte later vandag. Ons is amper reg vir uitsleep."
Dit was 'n vreemde gevoel. Die veertien gevoel. So asof jy in twee bome gelyk staan.
As een van hulle verjaar het, het sy ma altyd vir 'n vleiskossie gesorg. Hy het die keer onthou toe sy pa verjaar het en die wildekat die oggend die laaste hoender gevang het. Sy ma het die hele dag met 'n wip gesukkel, maar toe sy pa-hulle teen die skemer uit die Bos kom, was daar 'n fisant in die pot.

2.1 Watter groot hartseer het Saul net voor sy veertiende verjaarsdag ervaar? (1)

2.2 Watter bewys is daar in die uittreksel dat Saul se ma lief was vir die gesin? (1)

2.3 Wat beteken die woorde "begin jy vleis aan jou bene kry"? (Reël 5–6) (1)

2.4 Waarom, dink jy, het Saul gevoel asof hy in "twee bome gelyk staan"? (Reël 10) (1)

2.5 Watter tipe vleis wou Saul op sy veertiende verjaarsdag gehad het? (1)

2.6 Saul het vir Jozef vertel dat die bloubokkie se gal nie in die kop gesit het nie. (1)

2.6.1 Wat was Jozef se reaksie op hierdie inligting? (1)

2.6.2 Wat lei ons af uit Jozef se reaksie op hierdie inligting? (1)

2.7 Saul het ’n belangrike lewensles op sy veertiende verjaarsdag geleer.

2.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.7.1. (1)

2.8 Dink jy dit was reg dat Joram Barnard besluit het dat Saul ’n houtkapper moes word? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

2.9 Hoe kan die leser uit die uitsleep van die waenhout aflei dat Jozef fisies sterker as Saul was? (1)

2.10 Hoe het Saul gevoel toe hy op veertienjarige ouderdom die dorp vir die eerste keer gesien het? (1)

2.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.11.1–2.11.4) neer.

dwarslêers; regering; stinkhout; kantoor; houtkaplisensie; byl; boswagter; merk

’n Man van die (2.11.1) ... het vir Joram-hulle kom waarsku dat hulle nie enige boom kon kap nie. Hy wou Joram se (2.11.2) ... sien. Die spoorweë het die hout wat Joram gekap het, as (2.11.3) ... gebruik. Joram-hulle kon net bome kap waarop die boswagter se (2.11.4) ... was. (4)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Ek sal nie daarvan eet nie,” het hy bitter gesê.
“Loop sê nou weer vir Harison ons het geskiet!” Jozef slaan
langs hom op die tafel met sy vuis. “Loop sê hom solat Pa weer
in die hof kan gaan staan en nog ’n os moet verkoop om te betaal!”
“Ek weet nie waarvan jy praat nie,” het hy geskrik.
“Wie anders as jy kon vir Harison presies gesê het wie almal by
MacDonald aflewer, hul name, waar hulle woon? Wie anders
kon loop sê het wie steek tande onder die hout weg en wie nie?
Jy het dit loop sê, ek sê dit vir jou!”
“Ek het dit nie gesê nie.”
“Ontsien die dag kinders,” het sy pa moegweg gekeer.
“Pa, ek weet nie waarvan Jozef praat nie, ek weet nie waarvan
ek beskuldig word nie!”
“Jy lieg!”skree Jozef hom stil. “Wie anders kon hom gesê het?”

15	"Ek weet nie. Ek weet net dis nie ek nie."
16	"Ontsien die dag, kinders!"
17	Maar Jozef het voor hom kom staan en hom uitgedaag.
18	"Hoekom is net Pa en oom Gert en oom Wiljam van hierdie
19	kant af hof toe gesleep? Hoekom nie van die ander ook nie? Ek
20	sal jou sê hoekom nie, omlat hulle by Smith hout en tande lewer
21	en nie by MacDonald nie!"

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hierdie gesprek in die uittreksel het plaasgevind toe Saul sy gesin tydens ... besoek het.

A Kersfees
B die jagseisoen
C sy etensuur
D Paasfees (1)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Saul wou nie ... eet nie.

A beesvleis
B olifantlewer
C beeslewer
D olifantvleis (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

In hierdie uitreksel was Jozef openlik (vyandig/snaaks) teenoor Saul. (1)

2.15 Hoe het Saul, volgens Jozef, sy gesin verraai? (1)

2.16 Waarom kan ons sê dat Jozef verkeerd teenoor Saul opgetree het? (1)

2.17 Waarom was dit ironies dat Saul juis op Kersdag toe hy sy gesin besoek het, kwaad die huis verlaat het? (1)

2.18 Hoe het Saul die eerste keer uitgevind dat sy eie gesin ook olifante begin skiet het? (1)

2.19 Het die Bosmense reg opgetree om olifante te skiet? Gee rede vir jou antwoord. (1)

2.20 MacDonald het groot respek vir die houtkappers en hulle kinders gehad.

2.20.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.20.1. (1)

2.21 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.21.1–2.21.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.21.1	Hy was Saul se eerste werkgewer.	A	Martiens Botha
2.21.2	Hy was Arend se vader.	B	Maska
2.21.3	Hy was die bewaarder van die Bos.	C	Harison
2.21.4	Hy het Saul geleer dat die Bos aan die Bosmense behoort.	D	MacDonald
		E	Joram Barnard

(4 x 1) (4)

2.22 Watter les kan jy uit hierdie uittreksel oor familieverhoudings leer? (1)

2.23 Vertel kortliks van die gebeure rondom Arend se dood. Noem DRIE feite. (3)
[35]

OF

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Vir Hanna was haar ma, biologiese pa en stiefbroer, Yann, uniek.

Skryf ’n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy die volgende bespreek:

- Hoe Hanna Mana as ma ervaar het
- Gavin se uniekheid
- Hoe Hanna en Yann se verhouding was

Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die koningin kom. Dit voel of iemand op 'n beuel behoort te blaas. Die skraal figuur wat uit die kar klim, lyk met die eerste oogopslag soos 'n inbreker met 'n balaklawa. Nogal 'n teleurstelling. Maar dan sien ek dis net 'n swart kledingstuk wat sy oor haar kop gegooi het. Asof sy nie die sambreel vertrou om haar hare droog te hou nie. Sy beweeg versigtig, voetjie vir voetjie, voor om die kar en maak die passasiersdeur vir Amos oop. Hulle kom saam na ons toe aangestap, styf teen mekaar onder die sambreel, statig soos 'n bruidspaar. Amos grinnik van oor tot oor. Die bruid – ek bedoel die koningin – se gesig is steeds onsigbaar onder die baadjie wat oor haar kop hang.

Eers toe sy veilig onderdak is, lig sy haar swart sluier, vroetel met haar vingers in haar vlasblonde hare en glimlag vir almal van ons. Dis 'n glimlag wat selfs Sharon s'n in die skadu stel.

4.1 *"Die koningin kom."*

4.1.1 Wie was die koningin wat hier by die berghuis aangekom het? (1)

4.1.2 Hoekom was dit vir die koningin moontlik om by die familie op die berg te gaan kuier? (1)

4.1.3 Hoe het Yann aan die begin oor die koningin se besoek gevoel? (1)

4.1.4 Watter negatiewe kommentaar het Beyers oor die koningin gehad voordat sy op die berg aangekom het? (1)

4.2 Sharon, Hanna se beste vriendin, het ook by die gesin kom kuier. Sharon se gesinslewe het baie anders as Hanna s'n gelyk. Gee DRIE feite waarin jy Sharon se gesinslewe beskryf. (3)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die koningin het by haar aankoms vir Hanna gesê dat sy gehoor het dat Hanna vreeslik (mooi/slim) was. (1)

4.4 Toe Hanna die koningin vir die eerste keer gesien het, was Hanna beïndruk met die koningin se voorkoms.

4.4.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (1)

4.5 Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.5.1	Die persoon het nie aan tradisionele rolle vir seuns en meisies geglo nie.	A	Beyers
4.5.2	Volgens Hanna was dié persoon die beste man wat Mana nog in haar lewe gehad het.	B	Margot
4.5.3	Die persoon was ’n sukkelende, ouerige aërobiese instruktrise.	C	Gavin
4.5.4	Die persoon het gesê Hanna was vir hom perfek – ’n *fabulous creature*.	D	Yann
		E	Mana

(4 x 1) (4)

4.6 Margot was jaloers op Mana omdat Mana met Beyers getroud was.

4.6.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter (A–D) neer.

Margot wou hê Sharon moes haar eerder op haar naam noem, want “u” ...

A het vir Margot stokoud laat voel.
B het nie by ’n rolprentster gepas nie.
C het Margot soos ’n koningin laat voel.
D het nie by iemand uit Amerika gepas nie. (1)

4.8 Dink jy Sharon het geglo dat sy (Sharon) in Hollywood hoort? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"My pa is nie 'n queen nie! Jy ken hom nie eens nie!"
"Wel, hy's seker nie 'n groter queen as my ma nie," gee hy toe.
Beyers vat 'n vinnige hap van sy gebakte eier.
"Hy't gesê ons moet hom nie voor middagete verwag nie," sê
Mana. "Maar ek weet nie of enige kar nog hier kan uitkom nie.
As die reën net wil ophou!"
"Dis nie 'n ophoureën nie," sê Beyers. "Dis 'n aanhoureën."
"Van wanneer af is Pa 'n weerprofeet?" wil Yann weet.
"Van ek netnou in die kar na die radio gaan luister het," antwoord
Beyers. "Die hele Wes-Kaap is besig om weg te spoel."
"Dan's dit seker goed ons sit op 'n berg," skerts ek om my skrik weg
te steek. "Dit sal lank vat voor die water tot hier kan styg."

Gavin daag nie voor middagete op nie. Ook nie ná middagete nie.
Teen laatmiddag, toe dit begin skemer word en die reën steeds
troosteloos uit die lae wolke sif, besef ek dat hy sy gesonde verstand
gebruik het en die besoek afgestel het.
Dis 'n besef wat my ongelooflik verlig laat voel. Dit sou nie gewerk
het nie. Twéé queens saam in 'n huis soos hierdie sou 'n
katastrofe gewees het.
Maar kort daarna hoor ons 'n gehamer teen die voordeur. Die
deur swaai oop en die volgende oomblik kruip iemand oor die
drumpel. Letterlik! Hande-viervoet!
"Gavin!" gil Mana. "Waar's jou kar? Hoe't jy hier gekom?"
Hy is heeltemal bedek met modder.

4.9 In reël 2 het Yann vir Hanna gesê: "Wel, hy's seker nie 'n groter queen as my ma nie."

Watter TWEE ooreenkomste was daar tussen Margot en Gavin se kleredrag? (2)

4.10 Dink jy Yann wou vir Hanna seergemaak het toe hy Gavin 'n queen genoem het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.11 Wat het Gavin tydens sy kuier vir almal van sy pa-wees vertel? (1)

4.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Gavin het vir almal om verskoning gevra oor hoe hy gelyk het nadat sy kar in die modder vasgeval het. Hy het gesê dat hy gewoonlik soos 'n ... lyk.

A ontwerper
B modepop
C koning
D akteur (1)

4.13 Hoekom het die gesin gelag toe hulle vir Gavin in Beyers se klere gesien het? (1)

4.14 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.14.1–4.14.4) en die antwoord neer.

wantrouig; sprakeloos; verbaas; bly; hartseer; histeries; geïrriteerd; bedruk

Toe Margot gehoor het dat hulle op die berg vasgekeer was, het sy (4.14.1) ... gegil. Gavin was eers (4.14.2) ... oor die nuus, maar het hom gou reggeruk. Beyers was effens (4.14.3) ... met Margot se optrede. Sharon was baie (4.14.4) ... toe sy gehoor het dat sy dalk langer in die huis op die berg moes bly. (4)

4.15 Sharon en Yann het Gavin vir die eerste keer by die berghuis ontmoet.

4.15.1 Waarom het Sharon vir Gavin bewonder? Noem TWEE feite. (2)

4.15.2 Waaroor was Yann bekommerd nadat Yann vir Gavin ontmoet het? (1)

4.16 Hoekom kon Tibo nie saampraat as die ander kinders oor hulle pa's gepraat het nie? (1)

4.17 Toe Margot en Sharon vir Hanna wou grimeer, het Hanna gesê: "Ek wil nie soos ... soos iemand anders lyk nie."

Waarom is hierdie woorde van Hanna ironies? (2)

4.18 Hoekom sal jy vir ander jongmense met "aangelapte" gesinne aanbeveel om hierdie verhaal te lees? (1)
[35]

OF

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Fred was nie 'n goeie man vir sy vrouens nie, want hy kon nie getrou bly aan hulle nie.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van:

- Fred se buite-egtelike verhoudings
- Die gevolge van Fred se buite-egtelike verhoudings
- Hoe Fred aan die einde van die verhaal vir sy ontrouheid probeer vergoed het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	"En julle moet onthou om die nuwe lem vir die windlaaier saam te bring.
2	Voor die battery pap is. Hulle het gesê Vrydag."
3	"Janne-ri-ik, Janne-ri-ik!" kom Ryna met 'n vaart oor die jettie
4	aangehardloop. Sy het twee warm brode, in waspapier toegedraai, in
5	haar hande. "Jannerik!"
6	Sy kom uitasem by hom. "Vanoggend se brood het reg gekom. Dis
7	een vir jou. En een vir Skipper."
8	Hy kyk in haar begrypende oë en sy seer word te swaar. Die skerp
9	gekrys van meeue klink meteens op. Hulle hoor dit albei: die klank wat
10	deur elkeen se eie pyn sny. En hy, net hy, verstaan wat sy sag sê: "Dit
11	sal weer stil word, Jannerik." Sy lê haar hand op sy verweerde vingers
12	wat die brood vashou.
13	"Ja, Mama-Meeu." Hy sug swaar. "Die Djere-God deel ons
14	smart uit soos die visfabriek sy kwotas. Ons skyde en ons vragte is nie
15	ammal dieselle nie. Maar elkeen kry net wat hy kan hendel."

6.1 Waarheen was Jannerik met die boot op pad? (1)

6.2 Wat het daardie Vrydag gebeur wat vir Jacob pyn veroorsaak het? (1)

6.3 Watter TWEE gebeurtenisse het Jannerik se pyn veroorsaak? (2)

6.4 Wat het vir Ryna baie pyn veroorsaak voordat sy Meeuland toe gekom het? Skryf slegs DRIE sinne neer. (3)

6.5 Het Jannerik se pyn waarna Ryna verwys het, weer stil geraak? Motiveer jou antwoord. (1)

6.6 Hoekom was Ryna se kodenaam "Mama-Meeu" 'n goeie keuse? (1)

6.7 Jannerik het **sonder die nuwe lem** vir die windlaaier na Meeuland teruggekeer.

Watter probleem het dit die aand van die geboorte van Jacob-hulle se baba veroorsaak? (1)

6.8 Kies elke keer die naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.8.1	Hierdie persoon het studeer om van die pyn te vergeet.	A	Ryna
6.8.2	Hierdie persoon het op Meeuland weggekruip om van die pyn te probeer vergeet.	B	Jacob
6.8.3	Hierdie persoon het in die gastehuis se tuin vrede met die pyn gevind.	C	Doreen
6.8.4	Hierdie persoon wou 'n wildevyeboom plant om van die pyn ontslae te raak.	D	Jannerik
		E	Skalla

(4 x 1) (4)

6.9 Wat was Ousanna se teorie oor die plant van 'n wildevyeboom wanneer 'n mens pyn het? (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Toe Ryna later die malgasse sien broei het, het sy besef (dis lekker om te leef/daar is redes om te leef). (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Jannerik het dit baie maklik gevind om sy pyn met Ryna te deel, want sy het vir hom soos 'n ... gevoel.

A suster
B moeder
C vriendin
D sielkundige (1)

6.12 Ryna se **ervaring van die natuur** op Meeuland het haar van haar pyn genees.

6.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.12.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ek vra maar. Want Emily het vir Koeka wat by Missies Maritz werk gesê die kinders is so handuit ... veral die seun. Jy sal seker maar van die begin af jou voet moet dwars sit. Stiefkinders kan maklik die huweliksbed vol hobbels maak. Nie dat ek voorspooksels wil maak nie."

Elsabet kyk haar geïrriteerd aan. "Ma klink nou soos die hele Baai. Almal wil tog so graag hê iets moet verkeerd loop."

"Dis nie so nie, Elsabet," sê Hansie sag. "Wil jy 'n bietjie tee drink?"

"Nee dankie, Ma. Ek het nog honderde dinge wat moet klaarkom. Ek het eintlik net kom groet. Ons gaan Natal toe vir die wittebrood."

"Met die mouterkar?"

"Ons gaan vlieg."

"Ek wou sê, want Fred het 'n naam dat hy gevaarlik vinnig ry met daardie kar van hom."

"Fred het 'n naam vir baie dinge, Ma," sê Elsabet opstandig en staan op. "Maar ek het hom lief. Ek sal gelukkig wees, Ma."

"Ek hoop so, Twilight," sê Hansie ná 'n rukkie sag.

En sy sien hoe Elsabet se gesig bleek word, sodat die fyn sproetjies op haar vel duidelik uitstaan. Ek moes nie vir haar Twilight gesê het nie, dink Hansie berouvol. Twilight behoort aan die eilandtyd. Sy steek haar arms uit en omvou Elsabet teen haar bors. 'n Kort oomblik lank voel dit asof sy die kind se lyf voel bewe.

6.13 Noem TWEE redes waarom Elsabet nie op die eiland wou bly nie. (2)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"Jy sal seker maar van die begin af jou voet moet dwars sit." (Reël 3–4)

Hierdie stelling beteken Elsabet sou ... met die kinders moes wees.

A vriendelik
B onbeskof
C gaaf
D ferm (1)

6.15 Fred het sy en Elsabet se huweliksbed vol hobbels gemaak.

6.15.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.15.1. (1)

6.16 Watter woordelose boodskap wou Hansie aan Elsabet gee toe sy Elsabet teen haar bors vasgedruk het? (1)

6.17 Hoe het elkeen van die volgende karakters bygedra tot Elsabet se ongelukkigheid in haar huwelik?

6.17.1 Bernard (1)

6.17.2 Skalla (1)

6.17.3 Hermanus Blanckenberg (1)

6.18 Noem TWEE maniere waarop Elsabet die pyn van haar ongelukkige huwelik probeer verwerk het. (2)

6.19 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.19.1–6.19.4) en die antwoord neer.

opstandig; gelukkig; verkeerd; eensaam; selfversekerd; betroubaar; onbetroubaar; reg

Elsabet was baie (6.19.1) ... en sy het haar lewe lank na ware liefde gesoek. Eers was sy met Jacob getroud. Hy was (6.19.2) ..., maar sy wou nie saam met hom op Meeuland gewoon het nie. Sy het vir Fred verkies. Anders as Jacob, was Fred (6.19.3) ... Sy het aan die einde van die verhaal gesterf. Dit is 'n aanduiding dat sy (6.19.4) ... opgetree het deur met Fred te trou. (4)

6.20 Hoe is Elsabet dood? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

OF

AFDELING B: DRAMA

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Poppie het TWEE opstande beleef wat 'n groot invloed op haar lewe gehad het. Een van hierdie opstande het ook 'n invloed op haar kinders gehad.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van:

- Die **1960-opstande** in Nyanga as gevolg van die Sharpeville-skietery
- Die **1976-opstande** in Nyanga as gevolg van die Soweto-opstande
- Die invloed wat die **1976-opstande** op Poppie se kinders gehad het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MAMA *(begin weer huil)*. En hulle sê hy's 'n leader.
MOSIE. My sustertjie, ek like nie hierdie riots nie, ek like dit nie dat my kinders die owerhede tease en seerkry nie, of lat hulle my kar stop en skree donate! donate! totlat ek vir hulle petrol vir hulle petrol bombs uittap nie. Maar my sustertjie, ek kan nie dit help nie, daar's iets in my hart wat sê: At last. Maar ek druk dit af in my hart, want hierdie manier is nie die Here se manier nie. En dan kom dit weer in my hart: At last.
POPPIE Nóú baklei julle. Hoekom het julle nie vir my baklei toe ek so swaar gekry het nie.
JAKKIE *(staan by die kinders)*. Ek baklei vir jou, Sisi. Ek baklei vir jou en jou kinders. Ek gooi die klippe nie teen die nylons nie, maar teen die wet.
MAMA *(kom nader)*. Sisi, Jakkie is gevang! Hy't gister saam gemarch met die kinders in die stad. Die polisie het hom uitgesoek, want hulle sê hy's al te groot, wat soek hy tussen die skoolkinders, hy's 'n leader.

8.1 Voor die onluste het die kinders kennisgewings aan die grootmense uitgedeel.

8.1.1 Noem EEN ding wat op die kennisgewings gestaan het. (1)

8.1.2 Hoe het die "migrants" op hierdie kennisgewings van die kinders gereageer? (1)

8.2 Wat het die kinders met die grootmense gedoen as die grootmense dronk op straat was? (1)

8.3 Noem EEN verskil tussen die 1960-opstande en die 1976-opstande. Verwys na **wie** elke keer die opstand begin het. (2)

8.4 Die polisie was aan die "migrants" se kant.

8.4.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1. (1)

8.5 Mosie het gesê dat die opstande van die kinders teen die owerhede nie die Here se manier van dinge doen was nie.

Gestel Mosie was reg. Wat kon die kinders eerder gedoen het as om te baklei? (1)

8.6 Hoe, dink jy, voel Mosie oor die opstande wanneer hy sê: "At last"? (Reël 6 en 8) (1)

8.7 Die skollies het die K.T.C.-basaar in Guguletu tydens die opstande beroof.

Watter negatiewe effek het hierdie daad van die skollies op die inwoners van die lokasie gehad? (1)

8.8 Vertel in DRIE sinne hoe die mense tydens die onluste in daardie Kersseisoen moes rou. (3)

8.9 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.9.1–8.9.4) en die antwoord neer.

tronk; trekarbeiders; stories; lokasie; huis; verraaiers; buurman; hospitaal

Toe Jakkie in die (8.9.1) .... was, het Maman week lank gesukkel om hom (8.9.2) … toe te laat kom. Jakkie wou nie sê of hy daar geslaan is of nie. Hy was bang vir die (8.9.3) … wat sou rondgaan, want dalk was die (8.9.4) … die polisie se informant. (4)

8.10 Kies elke keer die naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.10.1–8.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.10.1	Hierdie persoon se seun is grens toe.	A	Jakkie
8.10.2	As hierdie persoon die krag gehad het om te veg, sou hy/sy veg.	B	Bonsile
8.10.3	Hierdie persoon het oor die grens gevlug.	C	Mr. Green
8.10.4	Die polisie het hierdie persoon verkeerdelik gevang.	D	Poppie
		E	Fezi

(4 x 1) (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 POPPIE. Wanneer kry hierdie moeilikheid end, Mama?
2 MOSIE. Dit sal nie maklik end kry nie, Sisi. Dit was nie net die Afrikaans
3 education-ding nie. Soos die Xhosa-spreekwoord sê: bendifu-na nje
4 inyathele ekonsini. Ek wou gehad het jy moet op my liddoring trap, daai
5 slag as jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, nie net vir die liddoring
6 nie, maar vir die ou goete ook. Ek dink dis wat nou gebeur. Toe hulle vir
7 die education-ding geskiet is, toe kom al die ou goed van die swaar van
8 die ouers en alles op, die skool was net die liddoring gewees.
9 MAMA. Die kinders word nou astranter. Hulle noem hulself die Comrades,
10 hulle sê vir die grootmense:
11 JAKKIE. Julle tyd is verby.

8.11 Waarom kan die leser vir Poppie jammer voel wanneer sy die woorde in reël 1 sê? (1)

8.12 Waarna verwys die “Afrikaans education-ding” (reëls 2–3) waarvan Mosie gepraat het? (1)

8.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie-hulle het die tweede Kersdag tydens die opstande van 1976 uit die huis gehardloop, omdat hulle besef het dat ...

A die kinders en Vukile ontsteld was.
B die onlusmakers al die vensters gebreek het.
C Poppie-hulle in die huis sou doodbrand.
D die onlusmakers Poppie-hulle wou doodmaak. (1)

8.14 Waar was Bonsile tydens die 1976-onluste? (1)

8.15 Onskuldige slagoffers het tydens die gevegte/oorloë tussen die “migrants” en die lokasie-mense in Nyanga gesterf.

8.15.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.15.1. (1)

8.16 Waarom het die polisie na Jakkie gesoek? (1)

8.17 Die polisie kon nie vir Jakkie kry nie. Watter gevolg het dit vir Bonsile en Nomvula gehad? (1)

8.18 Wat, dink jy, kon Bonsile gedoen het om sy ma se lewe makliker te maak? (1)

8.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die koerante het geskryf dat pasboeke afgeskaf sou word en dat die swartmense (reisdokumente/identiteitsdokumente) sou kry. (1)

8.20 Waarom, dink jy, was dit vir Poppie so moeilik om vir Jakkie kwaad te word oor al die moeilikheid wat hy veroorsaak het? (1)

8.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe die polisie vir Poppie by mev. Swanepoel ondervra, wou hulle weet ...

A wat haar kinders se huisadres in Herschel was.
B waar sy Jakkie laat wegkruip het.
C of sy ’n geldige pas gehad het.
D waarom sy nie meer in Mdantsane was nie. (1)

8.22 Dink jy hierdie drama is ’n geskikte boek om vir graad 12 -leerders voor te skryf? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)
[35]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Nollie het van Emma gehou, maar dit het gelyk asof Emma nie in Nollie belanggestel het nie. Na die Volstruisdans het hulle verhouding verbeter.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel:

- Wat Nollie gedoen het om aan Emma te wys dat hy vir haar omgegee het
- Hoe Emma aan die begin oor trou gevoel het
- Hoe Emma en Nollie se verhouding ná die Volstruisdans verbeter het

Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KATRIEN: Gekoop. (*Sy kyk vir Hendrik, ŉ bietjie uitdagend*.)
Met my eie geld.
HENDRIK: Jou eie geld. Wat jy waar kry?
KATRIEN: Spaargeld.
HENDRIK: Wat jy waar kry?
KATRIEN: Afknypgeld. Weglêhenne se eiergeld, as jy dan moet weet.
HENDRIK: Katrina, as ek ŉ ekstra geldjie kry, sit ek dit in die huis in; ek koop nie vir myself oorbelle nie.
KATRIEN: O, Jy koop nooit niks. Ook nie haelgeweerpatrone nie?
HENDRIK: Om vir die pot te skiet!
KATRIEN: En die plate?
HENDRIK *(bars uit)*: Hier sukkel ek my mallemaai af om ŉ kar aan die loop te hou, maar jy koop oorbelle!
KATRIEN *(nou self kwaad)*: ŉ Kar! Watse kar? Noem jy dit ŉ kar? *(Die kind is besig om met sy drie klippe te goël. Die kar is op die agtergrond. En Hendrik regs. Terwyl die struweling vlam vat, klim Katrien links uit en klap haar deur toe.)* Jy kan nie ŉ kar se wieldoppe bekostig nie, Hendrik McDonald!
HENDRIK: Katrina, oppas wat jy sê ...
KATRIEN: Hoekom? *(Die kind vang ŉ klip mis en die ander twee val ook tussen sy hande deur.)* Dis my oorbelle. Dis my geld. Dis my lewe. Jy't my lank genoeg gehiet en gebied. Ek het honderd rand daarvoor betaal en ek het vir my poeier op skuld gekoop en wat daarvan?

27	HENDRIK *(onheilspellend sag):* Jy't wát?
28	KATRIEN: Ek is klaar gesukkel. Ek gaan nou vir myself begin
29	sorg.

10.1 Watter aanduiding is daar in die drama dat Hendrik se motor nie in 'n goeie toestand was nie? (1)

10.2 Hendrik noem sy vrou Katrina (reël 8) in plaas van Katrien. Wat sê dit vir jou oor hoe hy op daardie oomblik teenoor haar gevoel het? (1)

10.3 Waarvandaan was Hendrik, Katrien en Willem op pad huis toe? (1)

10.4 Willem het sy ouers met mekaar sien stry.

10.4.1 Hoe het Willem gevoel terwyl dit gebeur het? (1)

10.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.4.1 deur na die uittreksel te verwys. (1)

10.5 By wie het Willem geleer om te toor? (1)

10.6 Wat is die "plate" (reël 13) waarna Katrien verwys? (1)

10.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Wanneer Katrien sê: "O, Jy koop nooit niks" (reël 10) is sy eintlik (verbaas dat Hendrik niks koop nie/sarkasties oor dit wat Hendrik koop). (1)

10.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (10.8.1–10.8.4) neer.

onredelik; gelukkig; ongelukkig; tevrede; verantwoordelik; onskuldig; roekeloos; regverdig

Hendrik wou altyd die beste vir sy gesin gehad het, daarom het hy die ekstra geld (10.8.1) ... gebruik. Hendrik het egter geglo dat Katrien dit (10.8.2) ... spandeer het. Katrien het gevoel dat Hendrik (10.8.3) ... was, want hy het ook dinge gekoop wat nie nodig was nie. Hierdie rusie het hulle altwee (10.8.4) ... gemaak. (4)

10.9 Watter dieper rede was daar waarom Hendrik kwaad was dat Katrien oorbelle gekoop het? (1)

10.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"Jy't my lank genoeg gehiet en gebied" (reël 24) beteken:

A Hendrik het Katrien altyd bedien.
B Hendrik het Katrien altyd geslaan.
C Hendrik het altyd vir Katrien gebid.
D Hendrik het Katrien altyd gedomineer. (1)

10.11 Watter uitwerking het Hendrik en Katrien se ongelukkige verhouding op Emma gehad? (1)

10.12 Hoe het Katrien en Hendrik later gevoel toe hulle besef het dat Willem verdwyn het? (1)

10.13 Volgens Oudokter het Hendrik se **manier van praat** vir Willem negatief beïnvloed.

10.13.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.13.1 deur na Hendrik se **manier van praat** te verwys. (1)

10.14 Beskryf die **toon** van Katrien se woorde toe sy gesê het: "Jy kan nie'n kar se wieldoppe bekostig nie, Hendrik McDonald!" (Reël 19–20) (1)

10.15 "Ek is klaar gesukkel." (Reël 28)

Na watter probleem in Katrien en Hendrik se lewens verwys hierdie woorde? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

HENDRIK *(eenvoudig):* Dis lekker hier, Katrina.
KATRIEN: ... Is dit?
HENDRIK: Hier is niemand wat jou by my probeer wegvat nie. Behalwe Frans miskien – maar vir Frans sien ek kans.
KATRIEN: Wat? *(Sy weet glad nie wat hy bedoel nie.)*
HENDRIK: Op Touwsrivier was dit die stasiemeester. Moenie sê jy't vergeet nie. Hy kon nie sy kloue van jou afhou nie. Op Lydenburg was dit die onderwyser én die afslaer. Op Soekmekaar was dit omtrent almal. Op Twyfelfontein was dit Pieterse met sy Mercedes en sy volstruisvelkamaste en sy strandhuis en sy bliksemse presente!
KATRIEN *(kyk weg)*: Ek glo nie wat ek hoor nie.
HENDRIK: Ek wou jou vir myself hê!
KATRIEN: En toe wat? *(Hy staan net vir haar en kyk. Haar stem is bitter.)* Jy is al een wat ek ooit liefgehad het, Hendrik McDonald. En jy is al een wat dit nooit wou glo nie.
Hy staan 'n hele ruk net doodstil vir haar en kyk.

10.16 Waar is “hier” (reël 1) waarna Hendrik verwys? (1)

10.17 Hoe word dié plek in die drama beskryf? (1)

10.18 Hoe het Katrien gevoel oor hierdie plek waar hulle gebly het? (1)

10.19 Verduidelik watter rol Frans in die lewe van die McDonalds gespeel het. Noem DRIE feite. (3)

10.20 Waarom was die naam van die plek “Twyfelfontein” simbolies van die verhouding tussen Hendrik en Katrien? (1)

10.21 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die emosie waaraan Hendrik in hierdie uittreksel uiting gee, is ...

A geluk.
B jaloesie.
C treurigheid.
D opgewondenheid. (1)

10.22 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (10.22.1–10.22.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
10.22.1	Hierdie karakter was ’n romantiese siel wat gehunker het na verre plekke.	A	Manuel
10.22.2	Hierdie persoon het Willem se vertroueling geword.	B	Hendrik
10.22.3	Hierdie karakter kon goed klavier speel.	C	Bertie
10.22.4	Frans het met hierdie persoon in ’n geveg betrokke geraak oor die McDonalds.	D	Emma
		E	Jan

(4 x 1) (4)

10.23 Daar was nog hoop vir die verhouding tussen Hendrik en Katrien.

10.23.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.23.1. (1)

10.24 Waarom, dink jy, staan Hendrik “doodstil” (reël 16)? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

DIE PAKKIE – Leonard Koza

Die pakkie wat Esther Filander na skool vir haar klasmaat moes gegee het, het groot moeilikheid tussen Esther en haar ma veroorsaak.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel:

- Van Esther en die geheimsinnige pakkie
- Hoe Sally probeer het om uit te vind wat in die pakkie was
- Hoe Sally self die probleem ná Pang en Miena se aankoms opgelos het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

OF

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

ASTRA CASTRA – Dot Serfontein

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n Soutsmaak van onvoldaanheid is op Ettie se lippe agtergelaat, maar dan sien sy hulle, haar eie mense, haar eie spesiale eilandjie van aanmoediging, wat wild op die pawiljoen te kere gaan. Voordag vanmôre van Estville af weg. 'n Paar onderwysers, die skoolhoof, haar ouers, nog 'n paar atlete, maar nie so goed soos Ettie nie, nou nooit weer so goed soos Ettie nie. Sy waai vir hulle, maar Eben Bester neem haar aan die arm. Hierso, gaan trek gou aan. Sportsak met haar sweetpak en skoene. Die stadige, versigtige afkoel van spiere. Ek trek sommer hier aan, dink sy en pluk haar sweetpak oor haar atletiekklere aan. Die aantrekkamer ...
"Haai, Meneer, ek wil nie by die kleedkamer ingaan nie. Sê nou ek kry juffrou Dewalt daar." "Maar jy het haar mos net geklop. Jy het haar nie gestamp of gepootjie nie." "Ek weet, Meneer. Maar ek voel aardig." Die verskrikking van verloor was nog nooit so naby as noudat sy gewen het nie.

12.1 Hoekom het die hoof die woorde "Astra Castra" gebruik toe hy met die atlete gepraat het? (1)

12.2 Hoe weet ons dat die woorde "Astra Castra" nie vir Ettie dieselfde betekenis gehad het as vir haar skoolhoof nie? (1)

12.3 Aan watter naelloop-item het Ettie deelgeneem? (1)

12.4 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (12.4.1–12.4.4) neer.

drie; eindpoging; langafstandatlete; twee; wegspring; skoolhoof; afrigter; naellopers

Toe die skoot knal, het die (12.4.1) ... weggespring. Hanna was van die begin af twee meter voor Ettie, omdat haar (12.4.2) ... beter was. Toe Ettie by die wenpaal gekom het, was haar (12.4.3) ... daar om haar te vang. Ettie het Hanna se rekord wat al (12.4.4) ... jaar staan, geëwenaar. (4)

12.5 Wat was Eben Bester se reaksie toe Ettie na die wedloop nie in die kleedkamer wou gaan aantrek nie? (1)

12.6 Wat was, volgens Eben Bester, die belangrikste ding wat Ettie moes leer indien sy werklik 'n atleet wou wees? (1)

12.7 Eben Bester was 'n afrigter wat glad nie in sy atlete se gesondheid belanggestel het nie.

12.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.7.1 en verwys spesifiek na die insident net na die eerste wedloop toe Ettie van pyn gekla het. (1)

12.8 Waarom het Eben ongemaklik gevoel toe Ettie hom voor almal bedank het vir wat hy vir haar gedoen het? (1)

12.9 Waarom, dink jy, sou die volgende wedloop tussen Ettie en Hanna moeiliker vir Ettie wees? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Oom Spekies by die huis is heeltemal 'n ander mens as die gevreesde hoof by die skool, en om saans voor die kaggelvuur te leer, terwyl die koshuisbrakke by hul boeke sit en bibber, is nogal 'n aardigheid. Minder lekker om soggens halfses in die donker af te stryk atletiekbaan toe, waar Bittergal staan en wag. En ná die oefening stap hulle saam weg, en hy gesels. Altyd oor atletiek. Maar sy leer baie meer as net van atletiek. Sy sien sy verterende idealisme en die toewyding waarmee hy haar afrigting doen, die noukeurigheid van besonderhede. Sy merk ook op dat hy geen vriende het nie. Hoewel hy die verloofde van 'n gewilde meisie is, kom hy met 'n ongelukkige gesig soggens op die veld aan. Eers daar raak hy kalm. En sy merk dat sy self soggens ongelukkig by die baan kom, want sy raak ook afgesonder van haar maats, deel nie meer in hul gesprekke nie. So praat die meisies lankal van die koshuispartytjie voor sy iets daarvan agterkom. Ek is nie gevra nie, moet sy erken. "Maar Dolf wil jou vra. Hy is net bang vir Bittergal. Hy sal darem nie nóg straf vat net vir jou nie."

12.10 Noem TWEE redes waarom Ettie voor die wedloop in Port Elizabeth by die skoolhoof moes bly in plaas van in die koshuis. (2)

12.11 Hoekom het Eben Bester die bynaam Bittergal gekry? (1)

12.12 Ettie het Eben se “verterende idealisme” (reël 6) gesien.

12.12.1 Watter ideaal het Eben nagestreef? (1)

12.12.2 Waarom word sy idealisme as “verterend” beskryf? (1)

12.13 Waarom is dit verkeerd om soveel druk op atlete te plaas **om te wen**? Motiveer jou antwoord. (1)

12.14 Noem EEN ooreenkoms tussen Ettie en Eben. (1)

12.15 Vertel in DRIE sinne wat met Dolf in die Wiskundeklas gebeur het. (3)

12.16 Terwyl die ander by die partytjie was en Ettie na die filmopname gekyk het, het Ettie *innerlike* konflik ervaar. Motiveer hierdie stelling. (2)

12.17 Die feit dat Ettie nie saam met Dolf partytjie toe kon gaan nie, het hulle verhouding finaal beëindig.

12.17.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.17.1. (1)

12.18 Toe Ettie aangetree het vir die SA Kampioenskap, het sy "Nee, Meneer, ek voel goed." gesê:

Waarom het Ettie se woorde vir Eben verbaas? (1)

12.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

“Al trap hy hulle gedurig voor ander uit” beteken die onderwyser ...

A raas met hulle.
B vloek op hulle.
C slaan hulle.
D skop hulle. (1)

12.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ettie kon nie die seunskoshuispartytjie bywoon nie, omdat dit twee aande voor die (SA Kampioenskap/matriekeksamen) plaasgevind het. (1)

12.21 Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (12.21.1–12.21.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
12.21.1	"Reik na die kroon."	A	Wiskunde-onderwyser
12.21.2	"Moet ek langs jou kom sit en dit verduidelik?"	B	Musiekonderwyser
		C	Skoolhoof
12.21.3	"Al die raas en dril en opdreun?"	D	Dolf
12.21.4	"Sy is ten spyte van alles net 'n doodgewone meisie wat dalk doodgewone dinge doen en glo."	E	Afrigter

(4 x 1) (4)

12.22 Ettie moes baie opofferings maak om haar titel in die tweede wedloop te verdedig.

Dink jy hierdie opofferings was die moeite werd as ons na die verhaal se einde kyk? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

Beantwoord twee van die volgende gedigte.

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Thumela – Elmé Barnard

tot siens meneer
het jy geskree
en vir oulaas gemaak ernstig
na ’n kennisgewingbord
met hordes sportaankondigings
en lyste eksamenroosters
wat jou nie meer kon raak
gestaar
jou boeksak toe
met ’n wilde tol
die lug ingeskiet
en ’n geskiedenisboek gepos
sodat die blaaie
verward
oor die verlate skoolvierkant saai
terwyl jy laggend
om ’n hoek verdwyn
gemaak geskok
het meneer weggedraai
maar ek het bly wonder
of dit vir jou
dan niks beteken

13.1 Wat tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (½)

13.2 Waarom het die leerder die onderwyser in versreël 1 gegroet? (1)

13.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woord “hordes” sê dat daar (belangrike/baie) sportaankondigings was. (1)

13.4 Waarom “skree” die leerder in versreël 2 in plaas daarvan om te praat? (1)

13.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (13.5.1–13.5.2) en die antwoord neer.

die blaaie wat verward was; die sirkelbeweging van die tas in die lug; die tas wat oor die vierkant gerol het; die blaaie wat oral rondlê

Die boektas wat die leerder wild in die lug laat **tol** het (versreël 10), dui op (13.5.1) ... Hierdie aksie het die blaaie van die boek gesaai (versreël 15), wat dui op (13.5.2) ... (2)

13.6 Kies elke keer die reaksie uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (13.6.1–13.6.3) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
13.6.1	Die spreker dink oor die leerder se optrede.	A	gemaak ernstig
		B	laggend
13.6.2	Die leerder gee voor dat hy/sy belangstel in die skool se aktiwiteite.	C	gestaar
		D	wonder
13.6.3	Die leerder het op hierdie manier om die hoek verdwyn.		

(3 x 1) (3)

13.7 Hierdie leerder moes nog 'n vraestel skryf.

13.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.7.1. (1)

13.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Watter tipe beeldspraak word in "... die blaaie verward" (versreëls 13–14) gebruik?

A Vergelyking
B Metafoor
C Klanknabootsing
D Personifikasie (1)

13.9 In hierdie gedig kry ons 'n leerder wat die skool **negatief** beleef het (versreëls 1–17) en die spreker wat die skool **positief** beleef het (versreëls 20–22).

Kies die persoon met wie jy kan identifiseer en motiveer jou antwoord. (1)

13.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"gemaak geskok" (versreël 18) beteken dat die onderwyser ...

A verbaas was oor sulke gedrag.
B gewoond was aan sulke gedrag.
C geskok was oor die leerder se optrede.
D ongelukkig was oor die leerder se optrede. (1)

13.11 Waarna verwys "dit" in versreël 21 in terme van die leerder se optrede? (1)

13.12 Watter emosie sal jy beleef as jy klaar is met jou skooljare? (1)

13.13 Watter verband is daar tussen die titel en die inhoud van die gedig? (2)
[17½]

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Woorde – Vincent Oliphant

my woorde het nie die krag
om bose magte tot 'n val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie 'n dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van ons grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

14.1 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (½)

14.2 Die spreker sê sy/haar woorde kan enigiets regkry.

14.2.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

14.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.2.1 in jou EIE woorde deur na strofe EEN te verwys. (1)

14.3 Haal EEN woord aan wat vir jou sê dat die spreker se woorde **harmonie** wil bring. (1)

14.4 Watter woord word dikwels herhaal om aan te dui dat die spreker sy/haar persoonlike gevoelens uitdruk? (1)

14.5 Wat is die verskil tussen die spreker se woorde en 'n "dak"? (Versreël 4) (2)

14.6 Watter beeldspraak gebruik die digter in "my woorde is kaal"? (Versreël 9) (1)

14.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (14.7.1–14.7.2) neer.

alleenplasing; alliterasie; herhaling; beklemtoning

Die woord "nee" in versreël 13 is 'n voorbeeld van (14.7.1) ... Dit staan in 'n nuwe versreël ter wille van (14.7.2) ... (2)

14.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"(M)y woorde is kaal" (versreël 9) beteken die woorde is ...

A onbelangrik.
B eerlik.
C onskuldig.
D spontaan. (1)

14.9 Haal die versreël aan wat daarop dui dat dit nie vir die spreker maklik is om probleme met sy woorde op te los nie. (1)

14.10 Wanneer word dinge soos "koeëls" en "grofgeskut" (versreël 12) gewoonlik gebruik? (1)

14.11 Kies elke keer die verklaring uit KOLOM B wat by die versreël in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (14.11.1–14.11.3) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
14.11.1	"my woorde het nie die byt" (versreël 11)	A	my woorde kan beskerm
14.11.2	"en pleit" (versreël 15)	B	my woorde kan nie seermaak nie
14.11.3	"my woorde kan bloot bid" (versreël 14)	C	my woorde kan soebat
		D	my woorde kan God aanspreek

(3 x 1) (3)

14.12 Wat sê die woord "grense" (versreël 18) oor die manier waarop mense leef? (1)

14.13 Watter les kan jy uit hierdie gedig oor menseverhoudings leer? (1)
[17½]

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kontak – Theo de Jager

Ek kon jou met 'n selfoon bel
om te sê dat ek jou baie mis,
maar die kaart was gekrap, die batterye pap
en die boodskap het in die niet verdamp.

Ek het vir jou 'n brief geskryf
en my hart se hoeke daarin uitgewas
maar my pen was krom, my vingers te dom
om die woorde in die koevert te pas.

Toe het ek maar 'n duif gestuur
sonder skrif of klank, en nou wag ek,
hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
met 'n takkie blare in sy bek.

15.1 Watter tipe spreker is aan die woord in die gedig? (½)

15.2 Wat beteken die woord "Kontak", die titel van die gedig? (1)

15.3 Haal TWEE APARTE WERKWOORDE uit die eerste twee strofes aan wat daarop dui dat die spreker met sy/haar geliefde kontak wou maak. (2)

15.4 Benoem die beeldspraak wat in strofe 2 voorkom. (1)

15.5 Noem EEN rede volgens strofe 1 waarom die spreker se pogings om kontak met sy/haar geliefde te maak, misluk het. (1)

15.6 Verduidelik wat die versreël "om die woorde in die koevert te pas" (versreël 8) beteken. (1)

15.7 Wat beteken die woorde "sonder skrif of klank"? (Versreël 10) (2)

15.8 Die spreker het **moed opgegee** om met sy/haar geliefde in verbinding te tree.

15.8.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

15.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.8.1 in jou EIE woorde. (1)

15.9 Hoe weet jy die spreker wil nie sy/haar geliefde verloor nie? (1)

15.10 Hoekom sou die spreker baie bly gewees het as die duif met 'n takkie in sy bek teruggekom het? (1)

15.11 Voltooi die volgende sin. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (15.11.1–15.11.2) neer.

vryheid; hoop; geluk; vrede

In hierdie gedig is die duif (versreël 9) 'n simbool van (15.11.1) ..., terwyl die takkie blare (versreël 12) 'n simbool van (15.11.2) ... is. (2)

15.12 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (15.12.1–15.12.3) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
15.12.1	"om te sê dat ek jou baie **mis**" (versreël 2)	A	beskerm
		B	skoonmaak
15.12.2	"in die niet **verdamp**" (versreël 4)	C	verlang
15.12.3	"hart se hoeke daarin **uitgewas**" (versreël 6)	D	verdwyn

(3 x 1) (3)
[17½]

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kabouterliefde – Ingrid Jonker

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
o dis hier waar die liefde lê

16.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

In hierdie gedig leef die kabouter in die spreker se (tuin/verbeelding). (½)

16.2 Wat het die kabouter op sy kop gehad? Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan. (1)

16.3 Wat is die ooreenkoms tussen die kabouter se hemp en die maan? (1)

16.4 Watter beeldspraak word aangedui met die woord "kadoemps" in versreël 6? (1)

16.5 Waarmee het die spreker en die kabouter "bal" gespeel? (1)

16.6 Hoe sou jy die atmosfeer in strofe 3 beskryf? (1)

16.7 Hoe weet die leser dat daar geen wolke in die lug was nie? (1)

16.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die "laer" (versreël 12) het die spreker en die kabouter 'n gevoel van ... gegee.

A vrees
B veiligheid
C alleenheid
D aanvaarding (1)

16.9 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die versreël(s) in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die nommer (16.9.1–16.9.3) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
16.9.1	"soos 'n laer in die nag" (versreël 12)	A	Personifikasie
		B	Metafoor
16.9.2	"kalkoentjies het die sprinkaanwals gesing" (versreël 15–16)	C	Vergelyking
		D	Progressie
16.9.3	"die hoepelronde blou-blou lug" (versreël 5)		

(3 x 1) (3)

16.10 Die digter lê ook klem op dinge wat die spreker kan hoor.

16.10.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

16.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.10.1 met 'n aanhaling uit strofe 6. (1)

16.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lysie hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (16.11.1–16.11.2) neer.

ware storie; sprokie; liefdesverhouding; diereverhaal

Die titel van hierdie gedig dui daarop dat die inhoud moontlik 'n (16.11.1) ... is, maar die inhoud kan ook na 'n (16.11.2) ... verwys. (2)

16.12 Wat is die funksie van die herhaling van "rooi" in "rooi-rooi hart"? (Versreël 21) (1)

16.13 Wanneer vind die ontmoeting tussen die spreker en die kabouter meestal plaas? (1)

16.14 Waarom sal grootmense dit ook geniet om hierdie gedig te lees? (1)
[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou